

24 Oktober 2021

Gr R tot Gr 3



Ek kan **sien!**

Markus 10:46-52

voorbereiding

Neem saam:

- Prente van sintuie
- Lugverfrisser/ Kamersproei
- Harde lekkers in blikkie
- Blinddoek vir blindemol
- Karton brilrame
- Rooi en Blou Selofaan

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders
om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Watter sintuie het ons alles?
Met ons oë kan ons sien.
Met ons ore kan ons hoor.
Met ons mond kan ons proe.
Met ons hande kan ons vat.
Met ons neus kan ons ruik.

Ons gebruik ons sintuie om alles om ons waar te neem. Dit help ons om te weet waar ons is, wat om ons aangaan en hoe alles ruik, proe, lyk, voel en klink. Wanneer ons van die sintuie nie het nie of nie kan gebruik nie, is dit nogal moeilik om goed oor die weg te kom.

Kom ons doen 'n oefening. Druk toe julle neuse. *Spuit nou lugverfrisser in die kamer, maar hou die etiket op die bottel toe.* Wie kan sê watter geur is die lugverfrisser? Dis moeilik om te kan sê watter geur iets is, as jy dit nie kan ruik nie.

Nog 'n oefening: *Gooi vooraf harde lekkers soos pepperminte in 'n blikkie. Skud nou die blikkie en vra die kinders wat hulle dink in die blikkie is? Party sal dalk raai dis klippe. Probeer hulle oortuig dat dit klippe is. Laat hulle hulle oë toemaak en hulle monde oop en laat hulle proe of dit klippe is of nie. Sit 'n lekker in elkeen se mond.* Dit klink dalk soos klippe – ons gehoor sintuig kan dit halfpad herken, maar ons het ons oë en smaak ook nodig om te weet of dit klippe of

lekkers is. Ons moet al ons sintuie gebruik om dinge om ons waar te neem. En sonder sintuie kan die lewe moeilik wees.

gesels tyd (vervolg)

Kom ons speel 'n speletjie:

Blindemol – een speler word as die mol gekies en word geblinddoek.

Hy of sy word in die rondte gedraai en dan moet hy of sy die ander maats begin soek. As die mol iemand vang, moet daardie maat doodstil staan en niks sê nie. Die mol moet aan die persoon se gesig of klere voel om te probeer raai wie dit is. As die mol reg raai, kan hy of sy die blinddoek afhaal en is die een wat gevang is weer aan.

Soms word mense sonder van hul sintuie gebore en leer hulle om oor die weg te kom sonder die sintuig, maar hulle mis verseker hulle sintuig soos om te kan sien of te kan hoor.

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

sing tyd

Liedjie: My hande my knie

*(vir die liedjie, wys heelyd na wat jy sing en by
Alles behoort aan Jesus steek jy jou hande in die lug)
(op die wysie van: Here we go round the malberry bush)
My hande my kniee, my kop en my voet (x3)
Alles behoort aan Jesus*

Liedjie: Oppas ogies

Oppas ogies oppas ogies, want jul sien (x2)
In die hemel is die Heer, sien in liefde op ons neer
Oppas ogies oppas ogies wat jul sien

Oppas oortjies oppas oortjies wat jul hoor (x2)
In die hemel is die Heer, sien in liefde op ons neer
Oppas oortjies oppas oortjies wat jul hoor

Oppas mondjie oppas mondjie wat jy sê (x2)
In die hemel is die Heer, sien in liefde op ons neer
Oppas mondjie oppas mondjie wat jy sê

Oppas voetjies, oppas voetjies waar jul loop (x2)
In die hemel is die Heer, sien in liefde op ons neer
Oppas voetjies oppas voetjies waar jul loop

BYBEL tyd

Jesus en Sy dissipels het van dorp na dorp beweeg en mense gesond gemaak en gepreek en vir almal vertel van God se liefde. Mense het ook vooruit al gehoor van die wonderwerke wat Jesus doen. Oral was mense wat saam gedrom het om Hom te sien.

Dink gou vir 'n oomblik... sê nou jy was iemand wat blind gebore was en jy hoor Jesus wat mense gesond maak, gaan deur jou dorp kom, wat sou jy gedoen het? *Gee geleentheid dat die kinders kan vertel wat sou hulle doen.*

Toe Jesus in Jerigo was, was daar 'n blinde man, Bartimeus, wat gehoor het dat Jesus daar was. Hy kon nie sien waar Jesus was nie, maar het gehoor in watter rigting geraas was waar mense saamgedrom het en al wat hy kon doen, was om in daardie rigting na Jesus te roep.

Hoe dink julle het hy geroep? Roep gou: *"Jesus seun van Dawid, ontferm U tog oor my!"* Dink julle hy het net so gepraat, of het hy geskree? Hoe hard sou jy skree as jy nie kan sien waar Jesus is nie. Maak gou jou oë toe, dink gou waar in die vertrek sou jy Jesus hoor en roep kan na Hom.

Die mense om die blinde man was somer geirriteerd met hom wat so skree en het met hom geraas, maar die man het geweet dat Jesus hom kan gesond maak. Hy het gehoor dat Jesus al ander ook gesond gemaak het en daarom het hy al harder geroep.

Kom ons lees die verhaal in die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit Mark.10:46 – 52. En elke keer wat Bartimeus roep, laat hulle hulle oë toemaak en roep.

Jesus het vir Bartimeus gehoor en gestop en hom laat roep. Bartimeus was so opgewonde, hy het alles gelos en gehardloop in die rigting waar Hy Jesus gehoor het. Toe die mense om hom sien Jesus laat hom roep, het hulle nie meer met hom geraas nie, maar gekyk wat gebeur. En Jesus vra hom wat Hy wil hê. Jesus het geweet Bartimeus wou graag sien, maar Hy wou hom die kans gee om self te sê dat Hy wil sien. En Jesus gee vir hom dit wat hy die meeste begeer – om te kan sien, en van daar af volg hy Jesus.

Jesus wil ook hê ons moet vir Hom sê wat ons graag wil hê. Soms kan ons net een of twee keer vra, maar ander kere wil Hy hê ons moet weer en weer vra en glo dat Hy vir ons kan gee wat ons hart begeer. Bartimeus wou nie net sien omdat Hy nog nooit kon sien nie, hy wou vir Jesus sien en hom volg.

Volg jy vir Jesus. Soek jy Hom tussen alles in die lewe?

doen & leer tyd

Ek kan sien


Maak 'n 3D Bril. Sny uit karton vir elkeen 'n brilraam. Sny nou uit selofaan een rooi glas en een blou glas. Plak dit in die raam. Kyk nou na 3D prente eers sonder die bril en dan met die bril en laat die kinders vertel hoe dit verskil.

'n 3D prent sonder 'n 3D bril, lyk nie mooi nie. Ons weet daar moet 'n prentjie in weggesteek wees, maar ons kan dit nie altyd sien nie. Maar met 'n 3D bril, kan ons sien.

Net so moet ons na die lewe kyk deur God se bril. Hy vra ons om Hom lief te hê, soos die rooi glas van die bril, en ons naaste soos onself lief te hê, soos die blou glas van die bril. En eers as ons deur albei glase kyk, sal ons regtig kan liefhê soos God van ons vra

groet tyd

Dankie Jesus dat U vir my sintuie gee om alles om my te kan sien wat U gemaak het. Help my om vir U en vir almal lief te wees, net soos U vra.
Amen






3D Bril.


Maak 'n 3D bril. Sny die brilraam uit karton en sit selofaan glase, een rooi (links) en een blou (regs) in.

make your own 3d glasses


cut around the outlines + don't forget to cut the lens holes



glue the pieces on the cardboard as shown



be sure to out the amber on your left eye + blue on your right



you are now ready to watch your favorite 3d movie
have fun!

